

20 Oktober

2 Timoteus 3:10-17 (3:16)

Onderrig oor 'n geregtigheidslewe

Die vierde ding waarvoor die Bybel bedoel is, is om 'n regte lewenswyse te kweek. Of tot onderwysing in die geregtigheid.

Die eerste woord is onderwysing. Die woord beteken letterlik "onderrig van 'n kind" of "dissiplinerig van 'n kind". Maar dan nie klaskamer-onderrig of feite-onderrig nie, maar lewensonderrig. Die beeld wat hierdie woord in ons gedagtes moet oproep, is 'n pa wat sy kind op sy skoot tel en vir sy kind allerlei belangrike lewenswaarhede leer.

Die tweede woord is geregtigheid. Met geregtigheid word bedoel "om reg te wees". Om reg te wees met God. Om God se slaagsyfer te behaal. Om aan elke aspek van God se wet ten volle te voldoen. Ons weet dat niemand van ons dit kan doen nie. Daarom het Jesus Christus dit vir ons kom doen. Jesus het nie net vir ons kom sterwe nie. Hy het ook vir ons kom lewe. Daardie geregtigheidslewe wat ek en jy nie kon lewe nie, het Hy vir ons kom lewe.

As Jesus dit nou vir ons kom behaal het, dan vereis die Here van ons dat ons lewens iets sal wys van sy geregtigheid. Nie om daardeur ons kindskap te verdien nie – dit het Jesus gedoen. Maar om deur ons geregtigheidslewens te wys dat ons nou aan die Here behoort.

Die Bybel is God se manier om ons op sy skoot te tel en ons te onderrig in al die praktiese maniere hoe ons ons regwees met Hom, ons versoening met Hom kan wys in ons lewe van elke dag. Om ons te onderrig in al die praktiese maniere hoe ons elke dag kan wys dat ons vir Hom wil lewe.

Sing: Skrifberyming 16:1, 4, 7 Ds. H.J. Vermeulen (Bloempark)